


FEDSAS

# Geïntegreerde verslag 2015

FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DIE FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME
VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

# Geïntegreerde verslag 2015

FEDSAS

# Inhoudsopgawe


VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER 3

INLEIDING 4

FEDSAS se benadering tot verslagdoening 4

Termyn gedek in hierdie verslag 4

Afkortings en verklarende terme 4

Kontakbesonderhede en terugvoering 5

OORSIG OOR FEDSAS 6

- Wie is FEDSAS? 6
- Kernwaardes 6
- Waarvoor staan FEDSAS? 7
- Wat doen FEDSAS vir jou? 7
- Beheerstrukture 8
- Nasionale Raad 9
- Komitees 10
- Nasionale voetspoor 11

FOKUSAREAS EN STRATEGIESE DOELWITTE 12


- Fokusarea: Opleiding 12
- Fokusarea: Bewusmaking 16
- Fokusarea: Navorsing 19
- Fokusarea: Groei ledetal 20
- Fokusarea: Fondswerwing en verhoudingsbestuur 21
- Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur 21

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF 22

FINANSIËLE STATE 24

© FEDSAS Nasionaal
Saamgestel deur FEDSAS
Uitleg deur Chrysalis Advertising & Publishing

# Voorwoord: Nasionale Voorsitter



Die FEDSAS-storie is ongelooflik. Oor die afgelope 22 jaar het FEDSAS saam met Suid-Afrika se demokrasie gegroei. Trouens, 'n stewige demokrasie is afhanklik van 'n toegewyde burgerlike samelewing en dit is hiér waar FEDSAS sy rol op professionele, vernuwende en veral passievolle wyse vervul.

As internasionaal gerekende kenner en meningsvormer op die gebied van skoolbeheer- en bestuur is FEDSAS 'n organisasie wat 'n betekenisvolle bydrae lewer op vele terreine in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Dit sluit in deelname aan beleidsvorming, monitering, regsmenings, skoolbestuur en ook opleiding, soos uit hierdie geïntegreerde verslag blyk. FEDSAS bied nie net standvastigheid in terme van bewese ervaring en kundigheid nie, maar bring ook vernuwing na skoolbeheer- en bestuur deur talle innoverende projekte.

FEDSAS onderskryf die beginsels van die King III-verslag oor goeie korporatiewe bestuur en beheer. In hierdie verband het FEDSAS 'n aktiewe en kundige Nasionale Raad wat poog om op sinvolle en verrykende wyse leiding te bied aan die organisasie se bekwame personeel landwyd. Die Nasionale Raad se toewyding blyk uit die feit dat die aktiwiteite van die raad gekenmerk word deur konsekwente bywoning van raadsvergaderings (ons is trots op ons 100%-bywoningsyfer!). As 'n raadslid nie 'n vergadering kan bywoon nie, word daar 'n aangewese sekundus afgevaardig.

Die uitdagings in die onderwys gaan nie oornag verdwyn nie. Onderwys wêreldwyd is in wese 'n uitdagende professie. As organisasie is FEDSAS verbind tot gehalte-onderrig vir elke kind in Suid-Afrika se 24 000 openbare skole. Terselfdertyd is FEDSAS verbind tot die voortdurende verbetering van die organisasie se prosesse en beleid tot voordeel van onderwys as geheel.

Hierdie geïntegreerde verslag bied 'n oorsig van die werksaamhede van 2015, asook die finansiële jaar 2014. Dit wys waar die organisasie tans is en dit bied 'n toekomsblik in terme van die groei- en ontwikkelingspotensiaal wat nie net 'n kenmerk van die onderwyssektor is nie, maar van Suid-Afrika as groeiende demokrasie.

Erhard EH Wolf:
Nasionale voorsitter

# INLEIDING

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2009, en die Kingkode van Beheerbeginsels vir Suid-Afrika ("King III", "King III-verslag" of "King III-kode", na gelang van die konteks) as die brondokumente oor dít waaruit goeie beheer bestaan. Tog is daar ook ander rigtinggewende dokumente oor, en vereistes vir, goeie beheer wat vir organisasies sonder winsbejag geld. Dit sluit in die SANGOCO-etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997), die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001) en die Onafhanklike Kode vir die Beheer en Waardes van Organisasies sonder Winsbejag in Suid-Afrika (2012).

Hierdie geïntegreerde verslag gee terugvoering oor, en bied 'n vooruitskouing van hoe die organisasie se verbintenis tot goeie beheer grondslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle rolspelers, intern en ekstern, 'n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word rolspelers in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan rolspelers wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie verslag bied 'n oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2015, asook die finansiële jaar 2014.

## Afkortings en verklarende terme

**DMO-kode:** Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001)

**FEDSAS:** Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole

**Organisasie sonder winsbejag:** 'n Organisasie wat nie 'n winsoogmerk najaag nie, wat insluit 'n organisasie wat opgerig is as 'n maatskappy ingevolge die Maatskappyewet 71 van 2008 ('n maatskappy sonder winsbejag), 'n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as 'n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as 'n openbarevoordeelorganisasie tot stand gebring is

**SANGOCO-kode:** Die Suid-Afrikaanse Nasionale NRO-koalisie se Etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997)

**Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

**Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996

**Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oor die inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.

Nasionale kantoor: 051-522 6903
Webwerf: www.fedsas.org.za



# OORSIG OOR FEDSAS

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van openbare skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in openbare skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope meer as twee dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

FEDSAS se **visie** is die behoud en bevordering van gehalte-onderwys in openbare skole in die Republiek van Suid-Afrika.

FEDSAS se **missie** is om alles binne sy vermoë te doen om sy lede en hul belangegroepe te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogs moontlike standaard van opvoeding vir al die kinders van ons land, in die algemeen, en om effektiewe skoolbestuur te bevorder ten einde eersgenoemde te bereik, in die besonder.

## Kernwaardes

### Uitmuntendheid

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis tot voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

### Integriteit

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

### Passie

Om 'n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

### Rentmeesterskap

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

### Verhoudinge

Die beste en mees bevredigende plek om te werk – ons is die FEDSAS-familie.

# Waarvoor staan FEDSAS?

FEDSAS glo aan maksimum outonomiteit vir beheerliggame en dus streef ons daarna om die regte en bevoegdhede van beheerliggame uit te brei.

FEDSAS ondersteun en bevorder die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, insluitend taal- en toelatingsbeleid.

FEDSAS ondersteun die beginsel dat beheerliggame 'n belangrike rol speel om geleenthede vir alle leerders te skep om hulle volle potensiaal te bereik.

FEDSAS onderskryf die behoud en bevordering van 'n kultuur van uitnemendheid in opvoeding, onderwys en dienslewering.

FEDSAS is deurentyd besig om gesonde verhoudinge met alle belangegroepe in die onderwys te vestig en uit te bou sodat die beste belange van die leerder uiteindelik gedien kan word.

# Wat doen FEDSAS vir jou?

FEDSAS is die mees verteenwoordigende spreekbuis vir skoolbeheerliggame landwyd. Ons lewer kommentaar op konsepwetgewing en onderwysbeleid, wat beteken ons lede se belange word op 'n hoë vlak verteenwoordig.

FEDSAS is vir langer as 20 jaar al 'n gerekende meningsvormer en rolspeler in openbare onderwys op nasionale en provinsiale vlak.

FEDSAS beskik oor gevestigde nasionale en provinsiale strukture ten einde 'n diens aan al ons lede landwyd te kan lewer.

FEDSAS het reeds verskeie rigtinggewende hofsake gewen en ons het voltydse onderwysregspesialiste om lede by te staan in die uitoefening van hul regte, insluitend gevalle van onregmatige inmenging in die beheer en bestuur van skoolaangeleenthede.


FEDSAS verleen hulp aan beheerliggame oor die hele spektrum van skoolbeheer en -bestuur, onder meer personeelaanstellings, arbeidsverhoudinge, strategiese beplanning en finansiële bestuur.

FEDSAS se webblad is die mees omvattende bron rakende inligting oor skoolbeheer en -bestuur, waaronder beleidsdokumente, handleidings vir beheerliggame en voorbeelde van kontrakte. FEDSAS het ook 'n reeks produkte, waaronder DVD's en boeke.

FEDSAS het grondige ervaring van onderwysaangeleenthede. As 'n aktiewe, dinamiese organisasie is ons op hoogte van veranderinge en herstrukturering op onderwysgebied en ons kan ons lede dienooreenkomstig adviseer.

FEDSAS is 'n demokratiese, nie-politiese organisasie en lede kies jaarliks hul leiers.

# Beheerstrukture



# Nasionale Raad

'n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welvaart verantwoording sal moet doen. Die Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS, wat die beheer van die geld en ander bates van die organisasie insluit. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in 'n vertrouensverhouding ('n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (soos die gemenereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte van lede van die Nasionale Raad) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

## Nasionale Raad 2015



Van links na regs (voor): mev. Cora de Kock (Noord-Kaap); dr. Jaco Deacon (adjunkhoof); mnr. Erhard Wolf (voorsitter); mnr. Paul Colditz (uitvoerende hoof); adv. Lilla Crouse (onder-voorsitter / Oos-Kaap)

Van links na regs (agter): mev. Liezl Storm (Mpumalanga); mnr. Marius Botha (Wes-Kaap); mnr. Dawie Harmse (spesiale onderwys); dr. Derek Swemmer (FEDSAS Instituut); past. Shaun Mellors (Limpopo); mnr. Mauritz Kachelhoffer (Vrystaat); mnr. Jan Sipsman (Gauteng); en mnr. Kevin Marais (KwaZulu-Natal)

## Oudit- en Vergoedingskomitee



Van links na regs (voor): mnr. André Koegelenberg (Voorsitter: Vergoedingskomitee); mnr. Marius Botha (Voorsitter: Ouditkomitee), mev. Liezl Storm


Van links na regs (agter): dr. Jaco Deacon; mnr. Erhard Wolf; past. Shaun Mellors, en mnr. Paul Colditz (Afwesig: mnr. Dricus Bosman)

# Komitees

| Komitees | |
|---|---|
| Uitvoerende komitee | Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit al die senior personeel van die organisasie. |
| Vergoedingskomitee | Die vergoedingskomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel. |
| Ouditkomitee | Die ouditkomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel. |
| Strategiekomitee | Die strategiekomitee is 'n staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en adjunkhoof en adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies. |

## FEDSAS se nasionale voetspoor:

### Verspreiding van lede / kontakbesonderhede



# FOKUSAREAS EN STRATEGIESE DOELWITTE

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind uitvoer in die volgende fokusareas:

## FOKUSAREA: OPLEIDING

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit interne opleiding van personeel en ledeskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede vir die breër skoolgemeenskap.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom opleiding:

### Vestiging van die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

**Aksies onderneem:**

- Aanstelling van dr. Derek Swemmer as uitvoerende hoof van die instituut
- Ontwikkeling van gespesialiseerde opleidingsprogramme

## Die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

Die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer is in April 2015 bekend gestel. Die instituut fokus op gespesialiseerde opleiding in en navorsing oor skoolbeheer. FEDSAS is 'n internasionaal gerekende kenner op die gebied van skoolbeheer en –bestuur en met hierdie instituut word beoog om voort te bou op die bestaande kennis en dit beduidend uit te brei. Leiersontwikkeling vorm 'n beduidende komponent van die werksaamhede van die instituut. Die implementering en die ontsluiting van die bepalings van die King III-verslag soos dit toepassing vind op skoolvlak vorm die grondslag van die instituut se filosofie. Navorsing wat deur die instituut onderneem word, sal gebruik word om beleidsrigting en onderwysbesluitneming te ondersoek en te bepaal. Dr. Derek Swemmer is aangestel as die uitvoerende hoof van die FEDSAS Instituut. Hy het byna twee dekades se ervaring as registrateur by verskeie Suid-Afrikaanse universiteite, as lid van universiteitsrade en ook verskeie ander instellings waarin hy 'n leidende rol in beheerstrukture gespeel het. Hy is ook die ondervoorsitter van die Golden Key International Honour Society en is die stigter van die Registrateurs-imbizo, 'n forum vir registrateurs van Suid-Afrikaanse universiteite.




Dr. Jaco Deacon (adjunkhoof), dr. Derek Swemmer (uitvoerende hoof: FEDSAS Instituut) en mnr. Paul Colditz (uitvoerende hoof).

## Opleiding van nuwe skoolbeheerliggame

**Aksies onderneem:**

- Ontwikkeling van opleidingsmateriaal
- 162 opleidingsessies landwyd
- 8167 skoolbeheerliggaamlede opgelei
- 1330 skoolbeheerliggame betrokke by opleidingsessies

Getal SBL-lede opgelei
**8200**

Opleidingsessies:
Meer as **162**
landwyd



Getal skole bereik
**1330**

Afstand gereis:
meer as **64 000** km

Meer as **460** uur
totale tyd

## Nuwe skoolbeheerliggaamlede se mening oor FEDSAS-opleiding

"Die skoolbeheerliggaam is vir die meeste van ons 'n nuwe ervaring. Dankie dat u die opleidingssessie op 'n eenvoudige en verstaanbare wyse aangebied het."

"Al is 'n mens baie jare in die onderwys leer jy elke dag iets nuuts – elkeen wat bygewoon het, het iewers iets geleer en gaan dit hopelik toepas."

"Dit was die tweede keer wat ek dit bywoon en dit was weer 'n 'eye opener'!"

"Baie dankie vir die sessie. Ons ouers het dit as baie waardevol beskryf."

"Ek was aangenaam verras en werklik beïndruk met die oorspronklike en informatiewe opleiding. U aanbieding het elke antwoord bevat waarmee ek in my hart geworstel het voor die induksie en wat ek gehoop het ons as beheerliggaam sal hoor."

"Dankie vir u uitstekende aanbieding. Ek is nou reg vir die volgende drie jaar."

"Die FEDSAS SBL-opleiding verskaf 'n uitstekende basis vir nuwe beheerliggaamlede en selfs meer ervare beheerliggaamlede het ook baie geleer."

"Ek is al vir baie jare 'n skoolhoof, maar ek het vandag goed geleer wat ek vir die eerste keer gehoor het."

"Die opleiding was uiters leersaam en die inhoud glashelder en verstaanbaar."

"Dit is die eerste keer wat ek ALLES verstaan wat by 'n sessie aangebied word."

### Opsomming: Skoolbeheerliggaam-opleiding


| Provinsie | Minute | Aantal sessies | Aantal deelnemers | Aantal skole | Afr | Eng | Tweetalig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| Oos-Kaap | 3055 | 18 | 821 | 138 | 8 | 8 | 2 |
| Vrystaat | 4650 | 26 | 2074 | 288 | 10 | 6 | 10 |
| Gauteng | 2190 | 13 | 831 | 165 | 4 | 3 | 6 |
| KZN | 2070 | 12 | 521 | 84 | 8 | 2 | 2 |
| Limpopo | 1800 | 10 | 396 | 70 | 7 | 3 | 0 |
| Mpumalanga | 3540 | 20 | 592 | 121 | 8 | 9 | 3 |
| Noord-Kaap | 1750 | 10 | 455 | 81 | 10 | 0 | 0 |
| Noordwes | 4470 | 25 | 883 | 157 | 12 | 13 | 0 |
| Wes-Kaap | 4020 | 28 | 1594 | 226 | 15 | 8 | 5 |
| **Nasionaal** | **27545** | **162** | **8167** | **1330** | **82** | **52** | **28** |

## Aanbied van tegnologieseminare

**Aksies onderneem:**

- Aanstelling van FEDSAS se bestuurder: onderwystegnologie
- Beplanning van tegnologieseminare om steun aan skole te bied met die gebruik van digitale platforms
- 13 seminare landwyd aangebied, bygewoon deur 811 mense van 297 skole



### Personeelopleiding

**Aksies onderneem:**

- Personeelberaad vir administratiewe personeel
- Personeelberaad vir provinsiale bestuurders

### Spesifieke opleiding vir skoolbeheerliggame

**Aksies onderneem**

- Ontwikkeling en opleiding wat fokus op aankope en voorkeurverkryging, finansies, dissipline, aanstellings en toelatings.
- Voortgesette en gevorderde opleiding: 54 sessies, 573 deelnemers van 104 skole
- Waardegedrewe opleiding: 11 sessies, 617 deelnemers van 11 skole
- Bykomende opleiding: 142 sessies, 1276 deelnemers van 369 skole
- Vergaderings oor brandende kwessies: 26 sessies, 810 deelnemers van 279 skole

# FOKUSAREA: BEWUSMAKING

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom bewusmaking:

### Doelgerigte bewusmaking rondom die 2015-skoolbeheerliggaamverkiesings

**Aksies onderneem:**

- 'n Verkiesingskakel op die webblad met al die inligting vir die verkiesing;
- Ontwikkeling van nuwe dokumente wat onder meer idees insluit oor hoe om die verkiesing in die skoolgemeenskap te bemark;
- Uitreik van mediaverklarings;
- Beskikbaarstelling van artikels/rubrieke vir gemeenskapskoerante;
- Beskikbaarstelling van voorafopgeneemde radiopraatjies vir gemeenskapsradiostasies;
- Nuwe e-pos-handtekeninge vir alle personeel;
- Drie verskillende elektroniese advertensies, insluitend 'n algemene advertensie vir skoolgemeenskappe en vennote in onderwys, 'n advertensie om FEDSAS-lede aan te moedig om voor te berei vir die verkiesing en in te skryf vir die SBL-opleiding en 'n advertensie wat skole self kon gebruik om die verkiesing by die skool te bemark;
- Gebruik van sosiale media en spesiale nuusbriewe.

## Doelgerigte bewusmaking rondom vestiging van die FEDSAS-Instituut

**Aksies onderneem:**

- Mediaverklarings en media-onderhoude

## Doelgerigte bewusmaking rondom FEDSAS se tegnologie-seminare

**Aksies onderneem:**


- Mediaverklarings
- Elektroniese advertensies

## Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor


**Aksies onderneem:**

- Bring sosiale media-skakels sover moontlik op alle kommunikasie (intern en ekstern) aan om gebruikers na sosiale media te stuur en sodoende gebruikersfrekwensie te verhoog
- Gebruik Facebook en Twitter om inligting te versprei en ook om terugvoering te verkry
- Skep van Whatsapp-groepe om interne kommunikasie en inligtingsverspreiding te verbeter
- Facebook-interaksie vanaf Maart 2015 – Oktober 2015: 2639
- Twitter-interaksie vanaf Maart 2015 – Oktober 2015: 2576

## Facebook-interaksie vanaf Jan 2015 tot Okt 2015



## Twitter-interaksie vanaf Maart 2015 tot Okt 2015




## Sosiale media "Conversation Cloud" vanaf Maart tot Oktober 2015





## Algemene bewusmaking: tradisionele media

**Aksies onderneem:**

- Uitstuur van mediaverklarings oor 'n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 36 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2015 tot 31 Oktober 2015
- 226 unieke nuus-trefslae
- Mediaverklaring-trefslag-ratio: 1:6.27 (gemiddeld ses artikels vir elke mediaverklaring)

## Verspreiding van publikasies vanaf 1 Januarie – 31 Oktober 2015




## Algemene bewusmaking: webtuiste

**Aksies onderneem:**

- Verhoog verkeer na webtuiste (www.fedsas.org.za) vir periode 1 Januarie 2015 tot 31 Oktober 2015
- 40 990 besoeke aan webtuiste
- 16 883 unieke besoekers (61,6% vorige besoekers, 38,4% nuwe besoekers)
- gemiddelde besoektyd van 5:58 minute

# FOKUSAREA: NAVORSING

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, konsepwetgewing en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom navorsing:

**Aksies onderneem:**

- Vestiging van die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer wat, benewens opleiding, ook fokus op navorsing om beleidsrigting en onderwysbesluitneming te ondersoek en te bepaal.
- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is

# FEDSAS vs 

### Gauteng-onderwysdepartement

**Kern**: 1) Toepassing van e-platform en departementele inmenging by SBL-funksies

2) omskakeling van enkelmedium na parallelmedium

**FEDSAS sê:**

- Saak gaan nie oor taal/ras, maar oor magte, regte van SBL

### Oos-Kaapse onderwysdepartement

**Kern**: Postevoorsiening, veral by spesiale skole

**FEDSAS sê:**

- Regsaksie se doel is om herhalende probleem met 2016-postevoorsiening te voorkom

### Die Organisasie vir Godsdiensteonderrig en Demokrasie

**Kern**: Godsdiens in skole

**FEDSAS sê:**

- die aansoek is 'n skending van menseregte: reg op godsdiensvryheid mag nie inbreuk maak op reg op vryheid van uitdrukking
- Skole moet onthou dat godsdiensbeoefening billik en vrywillig moet wees
- Akkommodeer minderheidsgroepe

### Noordwes-onderwysdepartement

**Kern**: Veranderinge aan 2015-posvasstellings; dreigemente van afskaffing van poste

**FEDSAS sê:**

- Wetlik mag geen veranderinge aan posvasstellings aangebring word nie Departement se optrede is strydig met arbeidswetgewing

## FOKUSAREA: GROEI LEDETAL

FEDSAS se ledetal op 31 Oktober 2015 staan op 1935 skoolbeheerliggame van openbare skole. Daar is egter 24 000 openbare skole in Suid-Afrika en die groei van FEDSAS se ledetal bly dus 'n primêre doelwit.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom groei van ledetal:

**Aksies onderneem:**

- 173 nuwe lede

# FOKUSAREA: FONDSWERWING EN VERHOUDINGSBESTUUR

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die fooie van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

**Aksies onderneem:**

- Sluit van strategiese vennootskappe
- Aanstel van korporatiewe kommunikasiebeampte met ontginning van eksterne befondsing as een van die sleutelfokuspunte van die posisie
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrolspelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou.

# FOKUSAREA: GOEIE KORPORATIEWE BESTUUR

FEDSAS is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en die daarstel van strukture wat die beste moontlike omgewing skep vir die uitvoer van die organisasie se take.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2015 rondom goeie korporatiewe bestuur:

**Aksies onderneem:**

- Nuwe poste:
  - Bestuurder: Onderwystegnologie
  - Korporatewe kommunikasiebeampte
  - Nasionale operasionele bestuurder

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF

Vanjaar was eenvoudig die grootste jaar in FEDSAS se bestaan!

Dit is daarom vir my 'n voorreg om oorsigtelik dog so eerlik en volledig moontlik daaroor verslag te doen. Die inligting in hierdie verslag van die uitvoerende hoof moet gelees word saam met die inligting in die res van die geïntegreerde verslag om sodoende 'n geheelbeeld te kry van wat gedoen is, wat bereik is en watter realistiese vooruitsigte vir volhoubaarheid bestaan.

## Ledetal

Soos aangedui, het FEDSAS se ledetal met 173 lede tot 1 935 gegroei. Dit is ietwat minder as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar, toe 189 lede reeds aangesluit het. In dié verband is daar tog 'n paar aspekte wat uitgelig behoort te word. Verlede jaar het FEDSAS dubbelsyfer-groei in vier provinsies ervaar; vanjaar is dit in vyf provinsies. Betekenisvol is ook die feit dat FEDSAS die drempel vir erkenning deur die LUR – 10% van skole in die provinsie – in ses van die nege provinsies gehaal het. Terwyl volgehoue groei in hierdie provinsies 'n doelwit bly, is een van FEDSAS se uitdagings vir die toekoms om ook die drempel vir erkenning in KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en Limpopo te behaal.

## Finansies

Hoewel 'n taamlik drastiese verhoging van 12% in ledegeld nodig was om die aanvanklike begrotingstekort uit te wis, dui realistiese projeksies dat FEDSAS die huidige finansiële jaar (2015) met 'n oorskot van sowat R2 miljoen kan afsluit. Dit is grootliks te danke aan die ruim ondersteuning wat die organisasie vir bepaalde projekte vanaf veral die Dagbreektrust, maar ook vanaf die ATKV ontvang het, asook die ledegeld wat deur nuwe lede ingebring is. Die oorskot sal FEDSAS se ideaal om 'n reserwefonds op te bou, 'n goeie hupstoot gee. Daardie reserwefonds is daargestel om FEDSAS se volhoubaarheid te verseker en om te voldoen aan FEDSAS se sosiale verantwoordelikheid om as organisasie ooreenkomstig die beginsels van die King III-verslag 'n verantwoordelike Suid-Afrikaanse organisasie te wees.

## Aktiwiteite in provinsies

FEDSAS se provinsiale personeel en strukture het veral oor die afgelope jaar indrukwekkende volwassenheid en produktiwiteit bereik. Die omvang van aktiwiteite het my as uitvoerende hoof genoop om 'n maandelikse bestuursverslag te ontwikkel en te implementeer ten einde 'n deeglike oorsig te kry van al die landwye aktiwiteite.

## Personeel

Waarskynlik die mees tekenende bewys van die groei wat FEDSAS ervaar, is die uitbreiding in die organisasie se personeelkorps. Talle nuwe poste moes geskep moes, waaronder 'n uitvoerende hoof vir die FEDSAS Instituut, korporatiewe kommunikasiebeampte,

onderwystegnologiebestuurder en nasionale operasionele bestuurder. Die totale personeeldiensstaat van FEDSAS staan tans op 39 – dit is 13 meer as verlede jaar.

## Skakeling met onderwysdepartemente

FEDSAS se skakeling en interaksie met die Departement van Basiese Onderwys bly uitstekend en geskied op gereelde grondslag. Dit bly egter 'n frustrasie dat min konkreet uit hierdie skakeling na vore kom. Die hoop is dat die nuwe direkteur-generaal van die Departement van Basiese Onderwys stabiliteit en vooruitgang sal bring. Onlangs is ook aangekondig dat die Departement van Basiese Onderwys van 2016 af programme van beheerliggaamorganisasies sal befonds. FEDSAS sal hierdie geleentheid probeer benut tot die mate waartoe dit tot voordeel van die organisasie se lede en tot bevordering van FEDSAS se visie en missie is.

## Volhoubaarheid en die pad vorentoe

Die pad vorentoe vir FEDSAS is belowend, maar uitdagend. Een van die uitdagings waaraan die organisasie reeds hard werk, is die transformasie van lede en personeel om die diversiteit van Suid-Afrika te weerspieël. Verskeie aanstellings wat die afgelope tyd gemaak is, plaas FEDSAS op die regte pad om toenemend in die toekoms 'n betekenisvolle impak te maak. Die nood in onderpresterende skole is groot en as FEDSAS werklik 'n betekenisvolle impak in onderwys in Suid-Afrika wil maak, sal die organisasie toenemend moet uitreik en daar 'n verskil maak. Die belowende gedeelte van die toekoms lê daarin dat FEDSAS nou 'n goed-gevestigde organisasie met 'n sterk steunbasis is wat 'n sterk netwerk van vennote en belangegroepe het. Dit beloof goed vir die toekoms van groei en ontwikkeling.

Paul Colditz:
Uitvoerende hoof

# OORSIG: FINANSIËLE STATE

## ALGEMENE INLIGTING

### Tydperk

Hierdie afdeling bevat 'n kort oorsig oor die finansiële posisie van FEDSAS vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2014.

### Bestuur se verantwoordelikheid en goedkeuring

Hierdie finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die South African Statements of Generally Accepted Practice opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Op grond van inligting en verduidelikings wat deur die bestuur van FEDSAS verskaf is, is die Raad van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige wesenlike wanverklaring of verlies bied. FEDSAS se bestuur het die organisasie se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Desember 2014 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die beheerliggaam toereikend middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

## Ouditeure

PH HERBST

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)

Geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (nr. 162701)

Geregistreerde lid van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (nr. 200492)

# Onafhanklike ouditeursverslag

PH HERBST
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)

Vennoot : PH Herbst B.Compt(Hons) GR SA E-Pos pherbst@mweb.co.za
Eerstestraat 11 | Posbus 12600 | Tel : 051 - 4301 842
Bloemfontein | Brandhof 9324 | Faks : 086 6717 507

*Geregistreerde lid van die Suid Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters – No 162701*
*Geregistreerde lid van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad - No 200492*

## Onafhanklike Ouditeursverslag

**Aan die Lede van Fedsas**

Ons het die finansiële state van Fedsas, soos uiteengesit op bladsye 6 to 12, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2014, die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Die Onderneming se bestuur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

**Ouditeur se Verantwoordelikheid**

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het die oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeure se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering in van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van die rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Soos in die geval van soortgelyke organisasies is dit nie gebruiklik dat rekenkundige beheermaatreëls oor kontantinvordering ingestel word, voor die aanvanklike inskrywings in die rekenkundige rekords nie. Dit was derhalwe vir ons onprakties om ons ondesoek op kwitansies uit te brei bo en behalwe dit wat werklik geboekstaaf is.

**Mening**

Na ons mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van Fedsas soos op 31 Desember 2014, en van die beheerliggaam se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindighet, ooreenkomstigdie Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

**P H HERBST**
**Vennoot**

**4 Maart 2015**
**Bloemfontein**
**Eerstestraat 11**
**Bloemfontein**
**9301**

**4 Maart 2015**

**FINANSIëLE ADVIESDIENSTE**
*Vir onafhanklike en objektiewe finansiële advies.*

# FEDSAS

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2014

## Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Desember 2014

| | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 184 499 | 52 683 |
| Lening- SA Onderwys Trust | 1 137 408 | 1 047 804 |
| | **1 321 907** | **1 100 487** |
| **Bedryfsbates** | | |
| Voorraad | 111 090 | - |
| Handels- en ander debiteure | 7 796 | 2 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 887 311 | 1 545 408 |
| | **2 006 197** | **1 545 410** |
| **Totale bates** | **3 328 104** | **2 645 897** |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | |
| **Nasionale Raad se Fondse en Reserwes** | | |
| Nie –uitkeerbare reserwes | 1 149 497 | 1 149 497 |
| Opgelope surplus | 1 845 823 | 1 486 392 |
| | **2 995 320** | **2 635 889** |
| **Laste** | | |
| **Bedryfslaste** | | |
| Handels- en ander krediteure | 188 438 | 10 008 |
| Voorsienings | 144 346 | - |
| | **332 784** | **10 008** |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | **3 328 104** | **2 645 897** |

# FEDSAS

Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2014

## Volledige Inkomstestaat


| | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|
| **Inkomste** | | |
| Ledegeld | 8 867 479 | 7 678 542 |
| **Koste van verkope** | - | - |
| | | |
| **Ander inkomste** | | |
| Advertensie inkomste – Webblad | 40 980 | 96 250 |
| Donasies, borgskappe & regsfonds | 578 832 | 625 149 |
| DVD verkope & Juta boeke | 224 540 | 72 931 |
| Projek befondsing | 500 000 | 500 000 |
| Rente ontvang | 312 280 | 244 750 |
| Seminaar inkomste | (44 145) | 2 100 |
| | **1 612 487** | **1 541 180** |
| | | |
| **Bedryfskoste** | | |
| Advertensies | (55 324) | (34 600) |
| Artikels en publikasies | (33 350) | (29 989) |
| Bankkoste | (29 546) | (22 596) |
| Beursgelde | (8 000) | (8 000) |
| Depresiasie, amortisasie en waardedalings | (145 729) | (106 166) |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | (89 201) | (36 956) |
| Geriewe | (30 261) | (35 919) |
| Geskenke | (10 895) | (34 420) |
| Herstelwerk en instandhouding | (50 139) | (102 143) |
| Huurgeld en bedryfshure | (339 982) | (236 893) |
| IT-uitgawes | (86 877) | (55 858) |
| Korporatiewe kleredrag | (24 418) | (7 217) |
| Motorvoertuigkoste | (12 870) | (39 682) |
| Opleiding | (326 711) | (25 835) |
| Personeel beraad | 20 558 | (377 268) |
| Posgeld | (41 871) | (30 611) |

## Volledige Inkomstestaat


| | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|
| Regskoste | (742 371) | (816 081) |
| Reiskoste – buiteland | (18 489) | (98 579) |
| Reiskoste - plaaslik | (1 302 739) | (1 195 840) |
| Rekeningkundige geld | (23 216) | (25 249) |
| Slegte skuld | (110) | - |
| Subskripsies | (58 104) | (54 914) |
| Telefoon en faks | (371 432) | (320 549) |
| Vertalings | (23 932) | (25 324) |
| Vergaderingskostes | (914 007) | (694 398) |
| Nasionale raad uitgawes | (258 892) | - |
| Versekering | (57 163) | (47 056) |
| Webblad bestuur | (106 985) | (27 259) |
| Werknemerskostes | (4 978 479) | (4 166 920) |
| | **(10 120 535)** | **(8 656 322)** |
| **Surplus vir die jaar** | **359 431** | **563 400** |
| Ander omvattende inkomste | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **359 431** | **563 400** |

# FINANSIËLE STATE EN OORSIG

## Invordering van ledegeld




## Bydraes tot Regsfonds



Opvoeding is
die magtigste wapen waarmee jy
die wêreld kan verander.

Nelson Mandela

